DIE BURGER - OK
14-2-94

Die seiljag Three Jumps Ahead (Craig Middleton) tydens die wegspring.

Ocenasek held in Agulhas-seilvaart

Eben Human

KAAPSTAD. - Die gesoute seiljagmanne is gewoond om die Agulhas-wedvaart in gure toestande te seil, maar dié slag was dit nie té erg nie, het die Springbok-seiljagvaarder John Martin gister gesê.

Martin was een van die agtien bemanningslede op die maksi-seiljag Namsea Challenge wat die lynlouere ingeoes het.

Namsea Challenge is deur sy eienaar, Padda Kuttel, geskipper. Die seiltoestande moes hom herinner het aan sy dae in die Suidelike Oseaan tydens vorige Whitbread-wêreldvaarte.

Op die kleiner jagte moes dit maar rof gegaan het en die groot held was uiteindelik Jenda Ocenasek wat Wolpertinger tot 'n puik sege op voorgee gestuur het. Ajax (Chris King) was tweede op voorgee en Thunderchild (Reg Goldswain) derde.

Die vooruitsigte het Vrydagmiddag by die wegspring stormagtig gelyk en die deelnemers moes uiteindelik tot by die draaipunt by Struisbaai windop beur.

"Die wind was op sy ergste net sowat 22 knope teen ons," het Martin gister vertel.

Ná die draaipunt kon die deelnemers weer vinnig na die eindpunt by Kaappunt terugkeer en Namsea was sewe uur later om 18:54 Saterdagaand daar. Die wenjag het die 192 seemyl in 26 uur 54 minute afgelê.

Namsea is gevolg deur Thunderchild (Reg Goldswain) en Voortrekker II, met Craig Barlow as skipper. Barlow is die seun van die gewese Springbok-krieketspeler Eddie Barlow.